NR FEBRUARIE
NO 197 FEBRUARY 2011

INHOUDSOPGAWE - CONTENTS BLADSY / PAGE

❄	AANPASSING IN DIE BEDRYF NODIG	2
❄	ONDERSTAMME VIR STEENVRUGTE	3
❄	AANPLANTINGSTENDENSE	6
❄	WATTER PERSKE KULTIVARS WORD GEPLANT?	7
❄	ARBEIDSVERHOUDINGE	8
❄	DIE BURGERY KAN NIE SUSHI EET NIE!	10
❄	PITTE IN DIE BOS/ FRUIT BITS	12

NUUSBRIEF uitgegee deur die
INMAAKVRUGTE PRODUSENTE VERENIGING
Hoofstraat 258
Posbus 414
PAARL 7620
TELEFOON: 021-8721401
FAKSIMILEE: 021-8722675
Email: inmaak@mweb.co.za

NEWSLETTER issued by the
CANNING FRUIT PRODUCERS' ASSOCIATION
258 Main Street
P O Box 414
PAARL 7620
TELEPHONE: 021-8721401
FAX: 021-8722675
Web page: http://www.canningfruit.co.za

REDAKTEUR / EDITOR : WIEHAHN VICTOR

Reproduction of articles from this Newsletter to acknowledge DIE KRAT and author.
Herdruk van artikels in hierdie Nuusbrief moet DIE KRAT en die skrywer erken.

AANPASSING IN DIE BEDRYF NODIG

In die Krat van Februarie 2010 skryf ek dat dit een van die moeilikste seisoene in die geskiedenis van die Inmaakvrugtebedryf is. Min wetende op daardie stadium dat die situasie 'n jaar later steeds min of meer dieselfde sal wees. Die bedryf word steeds gekenmerk deur laer vrugtepryse, hoër produksiekoste en 'n sterk Rand, wat uitvoere onwinsgewend maak.

Die vraag wat in die Krat van Desember 2010 aan die begin van die seisoen gestel was: "Hoe lank kan die produsent (die bedryf) nog kop bo water hou?" is steeds relevant. Vir die Inmaakvrugtebedryf is dit steeds moeilike tye van oorlewing terwyl die afwaardse fase en die tyd van herstel relatief lank is.

Aan die **produksiekant** het die seisoen ook nie na wense verloop nie, wat verdere druk op die bedryf plaas. Die **appelkoos-oes** was uiters teleurstellend! Alhoewel 'n kleiner oes verwag is, was die uiteindelike tonnemaat wat verwerkers ontvang het 35% minder as verlede jaar. Die oesseisoen was besonder kort as gevolg van die kleiner oes en die feit dat vroeër begin oes is. Die oes van die **taaipitperskes** is tans ook al by die drie-kwart merk verby en ook hier word 'n kleiner as geskatte oes verwag. Pluktyd het vroeër as normaal begin met 'n kleiner oes op veral die vroeë kultivars. 'n Afname van 5% tot 8% op die tonnemaat teenoor verlede jaar word verwag. Die **Bon Chretien-oes** blyk ook kleiner te wees hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in die hektare onder Bon Chretien bome. Verder het produsente ook strawwer uitgedun vir groter vrugte vir die vars mark, asook die kwotas wat op lewerings geplaas is. Die gehalte en vruggrootte van die pere is oor die algemeen goed.

Aan die **bemarkingskant** is daar enkele ligpunte in 'n donker situasie. Wêreldwyd is die vraag en aanbod van ingemaakte vrugte in balans en kon pryse in buitelandse geldeenhede vir ons produk opwaarts aangepas word. Dit gegewe die feit dat die wêreld ekonomie steeds onder druk is en die verbruiker baie selektief koop. Suidelike Halfrond lande is tans besig met produksie van ingemaakte vrugte en daar is geen rede om te glo dat aanbod sal toeneem nie, inteendeel word 'n laer as normale aanbod van ingemaakte vrugte voorsien. In die geval van vrugte purée, het die situasie ten opsigte van volume en prys dramaties verbeter teenoor 'n jaar gelede. Die aanvraag is goed en prysvlakke heelwat beter as die baie lae vlakke van verlede jaar.

Die "bottom line" is eenvoudig dat die produsent en die bedryf sal moet aanpas om te oorleef. Die Uitvoerende Bestuur van die Vereniging het reeds op sy eerste vergadering van die jaar besluit om 'n strategiese beplanning sessie te hou om die voortbestaan van die bedryf te bespreek. Die probleemareas moet geïdentifiseer word, oplossings moet gesoek word en aksies moet uitgewerk word.

- Wiehahn Victor

KIES DIE REGTE ONDERSTAMME VIR STEENVRUGTE

Inleiding

Perske-saailing word nog steeds wêreldwyd algemeen gebruik as onderstam vir perske- en nektarienbostamme. Sade hiervoor is oor die jare deeglik geselekteer en het aanleiding gegee tot voldoende, maar nie algehele genetiese uniformiteit nie. Deur saadbronne te beskerm kan virusvryheid genoegsaam verseker word. Vir kwekers bied saadvoortplanting gewoonlik ’n hoë persentasie beskikbare onderstamme, wat meer geharde bome vir uitplant lewer as gevolg van goed ontwikkelde wortelstelsels. Sommige hardehout steggies daarenteen kan lae vat persentasies lewer en in sekere kwekery omstandighede soms swak ontwikkelde fynwortelstelsels gee. Perske-saailinge presteer uitstekend op medium tot hoë potensiaal, goed gedreineerde gronde (wat nie nat bly nie), wat vry is van nadelige nematodes, brak en vrykalk. Meeste beskikbare gronde voldoen nie noodwendig aan al die vereistes nie en ander keuses moet uitgeoefen word om die bostam se vermoë te optimaliseer. Die voordeel van saailinge is ook dat dit ’n penwortelstelsel het, wat klip en sandgronde dieper kan indring. Klone materiaal sal wel beter uniformiteit tussen bome in die boordsituasie verseker. In Kalifornië en ander wêrelddele word Flordaguardsaailinge gebruik. In Suid-Afrika het ons meestal Flordaguardsteggies gebruik, maar voortaan sal ook saailinge ge-evalueer word. In Suid-Afrika is SAPO 778 in vier proewe as kloon en as saailing in dieselfde boord geplant. In twee gevalle het die saailing swakker presteer, maar in die ander twee gevalle was daar geen verskil nie. Die situasie sal verder ondersoek word.

Marianna is weer die onderstam van keuse vir meeste pruimprodusente in Suid-Afrika. Die onderstam besit immuniteit teenoor knopwortelaalwurm en is goed aangepas by vlak, gronde en waar hoë watertafels mag voorkom. Tog is die onderstam gevoelig vir ringaalwurm en baie vatbaar vir bakteriese kanker. Die onderstam induseer ook kleiner vrugte as sommige van die meervoudige spesie-hybriede wat beskikbaar is.

Daar moet ook gelet word op die kouebehoefte van die onderstam. Indien dit veel hoër is as die van die bostam sal dit vertraagde bot en blaarontwikkeling teweegbring.

Onderstamme is nodig om uit te brei in nuwe gebiede en ander grondomgewings, om weerstand te verseker teen plant parasitiese nematodes asook om die gebruik van chemiese berokers en grondsteriliseerders te verminder en om grondgedraagte siektes die hoof te bied. Verder het nuwe onderstamme beskikbaar gekom, wat sekere tuinboukundige aspekte soos vruggrootte, opbrengsverhoging, skilkleur, oplosbare vaste stowwe en vrugbaarheid kan verbeter.

Onderstamkeuse en die bepaling daarvan vereis egter kennis van die besondere vereistes van die boordomgewing, maar ook die spesifieke voor- en nadele van elke onderstam. In die skrywe word gepoog om elke onderstam se besondere behoeftes opsommend uit te wys. Dit is nie altyd eenvoudig om faktore te onderskei nie, omdat dit nie enkelvoudig voorkom in boordsituasies nie. Royal- en Soldonné-saailing is die enigste onderstamme, wat tans totaal verenigbaar is met alle appelkoosbostamme. Royal is al wat gebruik kan word as tussenstam om onverenigbaarheid op te los, veral op nuwe interspesie kruisings.

Inligting van potensiële onderstamme wat beskikbaar is

❖ **Omgewingsomstandighede wat keuse van onderstam bepaal**

Die onderstamme Nemaguard en SAPO 778 het baie hoë kouebehoeftes (meer as 800 Richardsoneenhede). Die onderstamme sal dus ’n vertragings effek op baie vroeë bostamkultivars hê. In koue gebiede sal die effek gou opgehef word. In medium kouebehoefte gebiede sal die effek vir ongeveer drie weke na bot as ’n vergeling ervaar word en daarna herstel. In baie lae kouebehoefte areas (minder as 300 Infruitec eenhede) sal die effek manifesteer as vertraagde bot, swak blaarontwikkeling en langdurige vergeling en ernstige effekte op opbrengs en vruggrootte sal ondervind word. Moet glad nie bogenoemde onderstamme in lae kouebehoefte areas plant nie en wees bedag op hul effek op baie lae kouebehoefte bostamme. Nemared se kouebehoefte is laer, maar nog steeds ongeveer 650 koue eenhede. Alle ander onderstamme beskikbaar het medium kouebehoefte en is glad nie in gebiede laer as 300 eenhede ge-evalueer nie. Flordaguard en Kakamassaailing het lae kouebehoeftes en kan met vertroue in die baie lae kouebehoefte areas en vir lae kouebehoefte bostamme gebruik word.

❖ **Grondeffekte**

Nat: Word veroorsaak deur watertafels aan die voet van berge en rante, vlak gronde en verdigtingslae, laagliggende gebiede, ondergrondse ou rivierlope maar ook langdurige reën in die lente periode asook langer water teenwoordig in hoër kleigronde. Onderstamme wat baie gevoelig is vir sulke toestande in volgorde vanaf meeste gevoelig, is: Royalsaailing, Flordaguard, Nemaguard, Nemared, Kakamassaailing, GF 677. Ander onderstamme soos Atlas, Cadaman, SAPO 778 is gevoelig.

Onderstamme in volgorde van minder gevoelig tot ietwat verdraagsaam is: Viking en dan Marianna en Maridon. Alle onderstamme raak nog meer sensitief as die nattoestande in die vroeë lente ondervind word wanneer die bostamme begin bot en lootontwikkeling plaasvind.

Droogte:

Viking is gevoelig vir uitdroging tydens opberging of uitplant. Ook in sand- en klipgronde en veral in warm maande. Dieselfde geld ook vir Atlas en Cadaman.

GF 677 kan droogte hanteer en doen goed in onvrugbare sand en gruisgronde wat goed gedreineer is. Flordaguard en Kakamassaailing kan sand- en klipgronde goed hanteer as gevolg van uitgebreide wortelstelsel en penwortel onderskeidelik.

Aalwurm

Knopwortel :

Gevoelig: Kakamassaailing, GF 677

Weerstandbiedend: Flordaguard, Nemared, Nemaguard, SAPO 778, Viking, Atlas, Cadaman (nie alle spesies)

Immuun: Marianna en Maridon

Ringaalwurm:

Gevoelig: Marianna, Maridon, Kakamassaailing, Royalsaailing

Beter as bogenoemde: Viking [volgens literatuur gee Viking goeie weerstand in Kalifornië as grond berook word voor plant. Viking kan egter gevoelig raak in warm maande en as uitdroging voorkom], Atlas, Flordaguard, GF 677, SAPO 778

Hoë pH
Sensitief: Flordaguard, Nemaguard, Nemared, Kakamassaailing, SAPO 778.
Weerstand: GF 677 huidiglik goed nagevors. Kan hoë pH (tot KCl 8) baie goed hanteer sonder om enige ysterchlorose simptome te vertoon. Dan volg Cadaman, Viking en Atlas. Nie totaal vry van simptome nie, maar geen effek op opbrengs en vruggrootte word gekry nie. GF 677 gee hoë opbrengste, maar vir perskes en nektariene is vrugte kleiner soortgelyk as met Kakamassaailing.

Brak:
GF 677 kan grond met ’n elektriese geleiding van tussen 2 en 5 dS/m goed hanteer sonder enige simptome van blaarrandskroei of betekenisvolle afname in oes. Daarna volg Viking. Kakamassaailing en SAPO 778 is gevoelig vir enige braktoestande.

❖ **Bakteriese kanker (*Pseudomonas syringae*):**
Hoogs vatbaar: Marianna, Nemaguard, Nemared
Mate van weerstand: Maridon, Kakamassaailing, Atlas, Viking, Flordaguard
Volgens literatuur het Cadaman redelike weerstand

❖ **Tuinboukundige aspekte**

Vrugmassa:
Klein: Kakamassaailing se vrugte is kleiner wanneer enige aalwurm of ander stressituasies voorkom. GF 677 se vrugte is kleiner by nektarien- en perske-bostamme. Marianna en Maridon induseer oor die algemeen kleiner vrugmassa
Intermediêr: Flordaguard
Groot**:** Viking, Atlas, Cadaman en veral SAPO 778 induseer groter vrugte aan die bostam

Groeikrag: Onder dieselfde toestande gee Kakamassaailing huidiglik die laagste groeikrag. Maridon is 10% en Marianna 21% sterker. Viking 20%, Atlas 10%, Flordaguard 25%, Cadaman 25%, GF 677 25% en SAPO 778 20% sterker.
Nemared is groeikragtiger as Nemaguard wat dieselfde groeikrag as GF 677 het.

Vertraging in rypwording (van veral vroeë kultivars): SAPO 778, Atlas.

Opsomming

Die keuse van die mees geskikte onderstam kan nie sommer ligtelik geneem word nie. Dit is belangrik dat die onderstam aangepas moet wees by die spesifieke omstandighede wat heers en moet voldoen aan die verwagtinge wat gestel word. Alle onderstamme is nie noodwendig beskikbaar nie en moet vroegtydig bestel word.

- Dr Piet Stassen, Infruitec-Nietvoorbij, Stellenbosch

AANPLANTINGSTENDENSE

VAN APPELKOSE, PERE EN PERSKES

Baie dankie aan almal wat die 2010 boomsensus statistiek inligting ingevul en terug besorg het. Die inligting maak dit vir die bedryf moontlik om tendense waar te neem, beplanning te doen en aanbevelings te maak. Die aanplantingstendense kan egter net so goed wees as wat die inligting is wat verkry is.

Die totale hektare van 2010 van die onderskeie vrugsoorte word in die onderstaande tabel gegee in vergelyking met die voorafgaande vier jaar. Die tendense is weer eens baie duidelik. Die totale hektare Bon Chretien bome het veral baie vinnig afgeneem as gevolg van die uittrek van bome.

TOTALE HEKTARE ONDER SAGTEVRUGTEBOME

Vrugsoort	2006	2007	2008	2009	2010
Bulida appelkose	2172	2039	1943	1925	1871
Bon Chretien pere	2326	2147	2062	1951	1775
Vroeë Bon Chretien	1016	1043	1031	1092	1106
Taaipitperskes	7038	6862	6675	6513	6254

Die 2010 aanplantings van inmaakvrugte bome word in die onderstaande tabel vergelyk met die afgelope vier jaar se aanplantings per jaar. Die aanplantingstendens van bome is in direkte korrelasie met die pryse wat vir vrugte betaal is, dit wil sê die aanplantings loop saam met die pryse van vrugte.

Bulida appelkose: Om slegs vir vervanging van ou bome voorsiening te maak, benodig die bedryf +100 ha. Daar is 'n drastiese afname in aanplantings in 2007 en 2008 en slegs 18 ha en 8 ha is onderskeidelik aangeplant en slegs 32 ha in 2010.

By ***Bon Chretien pere*** word ±75 ha benodig vir vervanging en is die tendens duidelik skerp afwaarts. Verder het die aanplantings van Bon Chretien pere verskuif na aanplantings van Vroeë Bon Chretien, waarop die inmaakbedryf veral moet ag slaan, aangesien die Vroeë Bon Chretien hoofsaaklik vir die varsmark geplant word.

In die geval van ***Taaipitperskes*** benodig die bedryf ±325 ha vir vervangingsdoeleindes. Uit die statistiek is dit duidelik dat die afnemende aanplantings tekort skiet. Die enigste ligpunt is dat die nuwe kultivars wat geplant word hoër produksie per hektaar lewer.

TOTALE HEKTARE GEPLANT PER JAAR

Vrugsoort	2006	2007	2008	2009	2010
Bulida appelkose	23	18	8	31	32
Bon Chretien pere	3	1	1	1	0
Vroeë Bon Chretien	9	9	14	8	8
Taaipitperskes	168	162	127	136	191

Bron: Inmaakvrugte Produsente Vereniging

WATTER PERSKE KULTIVARS WORD GEPLANT?

In die onderstaande tabel verskyn die taaipitperske aanplantings per kultivar vir 2010 in vergelyking met die drie voorafgaande jare. Ook word die totale hektare van die betrokke kultivars gegee. Die kultivars word in volgorde van rypwording gegee.

TAAIPITPERSKE AANPLANTINGS PER KULTIVAR

Kultivars	Aanplantings per jaar (ha)				Totale Hektare
	2007	2008	2009	2010	
Oom Sarel	16	5	2	7	*736*
Prof Malherbe	1	1	-	2	244
Prof Black	-	-	-	-	41
Goudmyn	-	-	2	8	124
Sandvliet	26	8	40	19	723
Keisie	29	26	18	28	1431
Western Sun	5	1	-	-	497
Prof Neethling	-	-	-	-	589
Fantasy	12	1	2	26	82
Cascade	19	27	47	54	159
Supreme	38	21	12	11	296
Keimoes	-	-	-	-	21
Woltemade	-	-	-	3	138
Kakamas	28	14	9	17	1132
Autumn Crunch	7	14	4	5	41

Die twee belangrikste kultivars per totale hektaar geplant is Keisie en Kakamas met Sandvliet en Oom Sarel in die derde plek, terwyl geen aanplantings van Black, Western Sun, Neethling en Keimoes gemaak is nie. Van die nuwe reeks kultivars word Sandvliet, Keisie, Fantasy, Cascade en Supreme steeds die meeste aangeplant.

Bron: Inmaakvrugte Produsente Vereniging

ARBEIDSVERHOUDINGE:

DIE ERKENNING VAN 'N VAKUNIE IN DIE WERKSPLEK

WAT IS MY REG AS WERKGEWER?

Hierdie artikel volg na aanleiding van 'n aantal navrae in die afgelope weke: Hoe hanteer ek 'n vakunie wat by my organisasie kom aanklop en daarop aanspraak maak dat hy ingeskrewe lede het? Kan ek so 'n vakunie my werksplek verbied of moet ek hulle te woord staan? Hierdie is van die algemeenste vrae wat Werkgewers – veral hulle wie vir die eerste keer met vakunies te doene kry – vra.

Die realiteit is dat die Wet op Arbeidsverhoudinge voorsiening maak vir die beginsel van "Vryheid van Assosiasie". Ingevolge hierdie beginsel het elke werknemer die demokratiese reg om by 'n vakunie as lid aan te sluit en deel te neem aan die wettige bedrywighede van so 'n vakunie. Geen werkgewer kan hierdie reg van die werknemer op een of ander wyse ontneem, beperk of selfs teen so 'n werknemer "diskrimineer" nie.

Die opwagting van 'n vakunie in die werksplek waar daar voorheen geen vakunie betrokke was nie, lei dikwels tot 'n Werkgewer se frustrasie en kan selfs tot ongunstige konfrontasie met die betrokke vakunie lei. Dit gebeur gewoonlik omdat die Werkgewer hierdie optrede van die vakunie as onvanpas, onnodig en selfs as Vakunie-arrogansie ("Wie gee die vakbond die reg om in my besigheid in te meng?!!") beskou. Die vraag ontstaan: **Wat staan die Werkgewer te doen indien 'n vakunie by die werksplek opdaag?**

Die eerste kontak tussen 'n vakunie en 'n werkgewer – veral in situasies waar daar voorheen geen vakunie in die werksplek betrokke was nie – vind gewoonlik d.m.v. 'n brief of telefoonoproep plaas. Dit gebeur ongelukkig egter ook dat 'n vakuniebeampte "ongenooid" en sonder enige vooraf-reëlings slegs by die werksplek opdaag (selfs ook sonder 'n formele afspraak!) en dan versoek om die Bestuur of Werkgewer te spreek.

In laasgenoemde geval sal dit nie eens nodig wees dat die Werkgewer die vakunie te woord staan nie. Die korrekte optrede vanaf die vakunie sal dus wees om ten minste vooraf reëlings met die betrokke Werkgewer te tref, wat betref die eerste ontmoeting tussen die twee partye. Onverwagse opdaging van 'n vakunie by 'n werksplek hoef nie deur die Werkgewer geakkommodeer te word nie. Hoe dit ookal sy, die eerste ontmoeting tussen Werkgewer en vakunie-amptenaar is altyd 'n belangrike ontmoeting en dit is veral nodig in so 'n geval vir die Werkgewer om soveel inligting as moontlik oor die betrokke vakunie te bekom. Tydens die eerste kontak vind daar normaalweg geen onderhandelinge plaas nie. Die gesprek behoort slegs die vorm aan te neem van 'n informele gesprek tussen die Werkgewer en vakunie waartydens die twee partye, d.i. Werkgewer en vakunie-amptenaar verwarrings uit die weg ruim en misverstande bespreek met die doel om groter begrip vir mekaar te kweek wat slegs kan help in die verdere uitbou van die formele verhouding.

Dit word sterk aanbeveel dat die Werkgewer die volgende inligting vanaf die vakunie verkry alvorens 'n eerste ontmoeting plaasvind:

- Naam van die vakunie;
- Name van die vakunie-amptenare;
- Posisie en verantwoordelikhede van die vakunie-amptenare;
- Besprekingspunte (Agenda) vir die eerste ontmoeting;
- Afskrif van die betrokke vakunie se Konstitusie; en
- Gewaarmerkte afskrif van die amptelike registrasiesertifikaat van die vakunie;

Dit sal ook belangrik wees om vroegtydig ooreen te kom oor ‘n datum, plek en tyd vir die ontmoeting om plaas te vind, asook om ‘n tydsduur vir die eerste ontmoeting met die vakunie ooreen te kom. Sulke vergaderings het maar ‘n geneigdheid om baie tyd in beslag te neem en dit sou dus nie as onbillik beskou kan word indien die Werkgewer ‘n beperking sal wil plaas vir die duur van die eerste ontmoeting tussen die twee partye nie. Dit gebeur ook dat die vakunie daarop aandring dat daar sekere werknemers teenwoordig moet wees by die eerste ontmoeting. Vind uit voor die vergadering watter werknemers teenwoordig moet wees en maak seker dat hierdie werknemers wel beskikbaar sal wees vir die eerste ontmoeting tussen die Werkgewer en vakunie.

VRAE/INLIGTING WAT TYDENS DIE EERSTE VERGADERING TUSSEN DIE WERKGEWER EN VAKUNIE VERKRY MOET WORD:

1. Is ‘n afskrif van die vakunie se grondwet en konstitusie beskikbaar? Indien nie, behoort die Werkgewer party ‘n afskrif daarvan te versoek met die doel om vas te stel wat die omvang van die vakunie se bedrywighede is en of dit die Werkgewer se besigheidsaktiwiteite insluit.
2. Hoeveel werknemers van die betrokke Werkgewer het as lede by die vakunie aangesluit? (Persenasie verteenwoordiging wat die vakunie in die betrokke werksplek geniet)
3. Behoort die vakunie aan ‘n vakunie-federasie soos bv. COSATU?
4. Beskik die vakunie oor die nodige kundigheid en kennis ten opsigte van die bedryf waarin die betrokke Werkgewer opereer?
5. Watter voordeel kan die Werkgewer se werknemers verwag indien hulle as lede by die betrokke vakunie aansluit? Watter sake gaan die vakunie namens sy lede hanteer?
6. Voldoen die betrokke vakunie aan die vereistes van die Wet op Arbeidsverhoudinge?

Gedurende die eerste ontmoeting, sal die vakunie heelwaarskynlik die volgende items op die agenda plaas vir bespreking en die Werkgewer word sterk aanbeveel om homself op hierdie agendapunte deeglik voor te berei:

1. Bekendstelling van die vakbond: Die Werkgewer behoort seker te maak dat hierdie punte wel op die besprekingslys voorkom aangesien dit belangrik sal wees om in die toekoms te weet met wie hulle onderhandel.
2. Die grootte en samestelling van die vakunie en bewys van lidmaatskap en verteenwoordiging: Indien die vakunie oor genoegsame lede beskik, sal die versoek heelwaarskynlik wees dat die vakunie amptelik erken moet word d.m.v. ‘n erkenningsooreenkoms. Daar word egter van die vakunie verwag om bewys te lewer van sy lede alvorens hulle aftrekorders kan voorlê. Lidmaatskap word dan met die werker geverifieer.
3. Bespreek die verskiesing en erkenning van vakbondverteenwoordigers; en
4. Bespreking van spesifieke griewe wat mag bestaan.

Dit sal belangrik wees vir die Werkgewer om te alle tye hoflik teenoor die vakunie-amptenaar op te tree. Terselfdertyd behoort die Werkgewer steeds ferm op te tree aangesien hy ‘n eerste verantwoordelikheid het om sy besigheid se belange te beskerm en meer nog om sy werksmag te beskerm teen moontlike onprofessionele vakunieoptrede.

In die volgende artikel word daar veral gelet op die Werkgewer se verantwoordelikheid wat betref erkenning van vakunies asook die hantering van spesifieke organiseringsregte van die betrokke vakunie.

VIR HULP EN/OF ADVIES RONDOM ENIGE ARBEIDSAANGELEENTHEID, SKAKEL GERUS:
LEON BOSMAN (LEON BOSMAN & ASSOCIATES/AWOK):
TEL (021) 959-3182 / SELFOON: 083-414-5679

Die burgery kan nie sushi eet nie!

JP Landman, ons eie sonskyn ekonoom (en `n realis daarby) maak `n opmerking dat die Argentyne en Suid-Afrikaners ten spyte van hul politici nie te vrot vaar nie. Hoe meer die flagrante perkaters van politici ter koerant gepubliseer word, weet ek toenemend dat Suid-Afrikaners nie hul politici verdien nie.

Die nuutste Mail & Guardian se Madam and Eve verduidelik die gedagte treffend: die strokiesprent se opskrif is “LET THEM EAT SUSHI” terwyl twee bejaardes sugtend voor hul plakkershut sit. Die oom sê “a better life for all” mymerend terwyl die tante opmerk dat sy nie die realiteit van vandag ooit kon dink toe sy ’94 in die kieserstou gestaan het nie. Die oom wonder of Madiba ooit sulke dinge sou doen, wat vandag se politici doen waarna die tante sê: “never!” Die oom dink hardop: “we still don’t have running water, meanwhile they’re buying expensive cars, partying and drinking single malt whiskey” en die tante beaam: “worse – they’re posing for these photo’s! It’s like they are laughing at us.” Na stilte sê die oom: “maybe we’re unfair after all…important leaders gotta eat” en die tante verontwaardig uitroep: “off semi-naked women in bathing costumes!?” Die strokie sluit met die oom wat wonder of Moebarak ook sushi eet van halfkaal vroue en die tante droogweg opmerk nee, dit is Egipte – hy sal Falafels van halfkaal vroue eet. So al of hul dink almal is onder `n kalkoen uitgebroei.

Buiten die feit dat die bogemelde groepie hul erger gedra as Hollywood en Bollywood glitterati kwadraat, vorm die politici en dié sakelui gedugte en gevaarlike bondgenote. Nie dat die verskynsel nuut is nie, vanaf die Ceaser in Rome, Frankryk se Koning Louis XIV tot by President Hosni Moebarak is die gedrag tipies as leiers nie verantwoordbaar hoef te wees nie. Tekenend, word die wettige stelsels genoegsaam gefnuik en gebuig om alles in eiebelang te draai met die kreatiewe beloftes van eendag sal dinge beter wees en gewoonlik haat of vrese as `n byproduk, so te verdraai dat die burgery heerlik gemanipuleer kan word. As voorbeeld, word en is, drywers soos godsdiens, rassehaat, etniese konflik of `n rooi gevaar gebruik as instrumente van hierdie speletjies.

Roda Kadalie se artikel op die Die Burger se hoofblad van Januarie 2011 lui: ‘SA so gewelddadig oor politici ongestraf bly’. Kriminiloë en sielkundiges breek hul kop om te probeer verstaan waarom Suid-Afrikaners so wetteloos is. Sy noem dat die antwoord is eintlik heel eenvoudig. Ek haal aan: “ons minagting spruit uit ons nasionale psige, gevoed deur `n korrupte staat onder sowel die apartheids- as die ANC-regering. Gevorm deur apartheid, het ons psige versleg onder die ANC se bewind. Dit is `n politieke party, wat geen ontsag het vir die oppergesag van die reg nie, en wat `n tydsgees gevestig het wat gaandeweg die grondwetlike instellings vernietig, wat bestem was om die oppergesag van die reg te handhaaf.” Dan noem sy ter stawing die instellings, wat deur kaderaanstellings skade aangedoen word en sy noem die instellings wat vernietig word by name. So kan die verhale vir `n 1001 nagte aangaan! Roda Kadalie sluit haar artikel dan met twee gedagtes: die oppergesag van die reg kan binne een misleidende generasie uitgewis word; en dat die duidelikste manier om te wys wat die oppergesag van die reg vir ons in die alledaagse lewe beteken, is om in herinnering te roep wat gebeur wanneer daar geen sprake van die oppergesag van die reg is nie - Zimbabwe, hier kom ons! Sy slaan die spyker op sy kop!!!

Gesien in die lig van dit wat in Tunisië, Jordanië en Egipte gebeur, behoort die rooi ligte vir Suid-Afrika se gemaksugtige, vele spekvet, onder-presterende politici en BEE/Tender Sakemanne te flikker! Die feit dat die meeste politici en BEE/Tender Sakemanne meer neem (en sommige gevalle selfs hulpbronne plunder) as waar hul waarde toevoeg, skeel hul skynbaar min. Vir hulle is die lewe op die oomblik `n vrolike lied vol vinnige motors, vurige vroue en blou note…

Die groeiende wêreldbevolking wat 2011 die 7 biljoen kerf oorskry en die afgelope jaar se natuurrampe, wat ongekend in omvang is, dek dit die tafel vir interessante tye. Groeiende inflasie, voedseltekorte, Suid-Afrika se volatiele rand en hulpbronne wat kan duurder word, is realiteite. Realiteite wat vra vir gesonde ekonomiese beleide, sterk leierskap, `n oordeelkundige aanwending van Suid-Afrika se hulpbronne en veral nié om met die massa's te probeer stemwerf-politiek te speel nie.

Ek kan nie help om soms te wonder waar ons land met sy reënboognasie sou gewees het met oordeelkundige politieke leiers, wat geld spandeer met die volgende generasie in gedagte; met bekwame aanstellings in poste in plaas van kader-aanstellings; met tenders toegestaan aan maatskappye met die kapasiteit en eerbaarheid om dit die eerste keer eerlik en goed te doen. Hoe anders kon grondhervorming gewees het as fondse oordeelkundig aangewend was, hoeveel huise kon al gestaan het vir die armes as die projekte in gemeenskapsbelang gedoen was, hoe anders kon die skoolstelsel gelyk het as die ministers en amptenare nie die baba met die badwater uitgegooi het nie en helaas hoe effektief kon munisipaliteite gewees het sonder die buitensporige salarisse van amptenary wat nie eens hul werk doen nie.

My tienderdogter sal net hier vir my sê: "Dream on, baby!"

Almal droom van `n beter lewe – nie net kaders wat ontplooi word nie. Vir die res van ons wat droom, is daar weer `n kans met hierdie plaaslike verkiesing. Om aan te sluit by Bill Gates, wat glo die toekoms van Afrika kan uiters rooskleurig lyk en dat dit in die hande van die mense van Afrika is. Ons verdien goeie leiers wat deursigtig, verantwoordbaar en media-vriendelik is. Ons verdien leiers wat die land lei met `n langtermyn visie en hul eie-belang tersyde kan stel.

Soos die redakteur van die Mail & Guardian dit stel in sy redakteursbrief: "2011 is local government election year. There will be nothing abstract about the impact of these failures at the ballot box".

Om aan te sluit by JP Landman – Suid-Afrikaners kan met hardwerkende en eerlike politici (nie dat almal gaan saamstem daar bestaan so iets nie) berge versit om hierdie droom van `n beter lewe vir almal `n werklikheid te maak. So laat ons stem vir plaaslike politici, wat hul sous werd is en nie vir die burgery simbolies toesnou om te gaan sushi eet nie!

Deidré Eigelaar, Achtervlei, Piketberg

Pitte in die Bos / Fruit Bits

Greece Canned Peach Declining

The area planted to clingstone peach has gradually been giving way to other crops in Greece for the past two years. The United States Department of Agriculture believes this process will be quickened by the lack of Government subsidies being paid to growers. Sources report that due to the global financil crisis and the Greek debt crisis, the Government no longer earmarks EU aid for historic peach producers.

- Foodnews

Perske purée

Die Suidelike Halfrond lande is tans besig met die oes van perskes en die maak van purée, maar volgens inligting is daar baie onsekerheid oor die hoeveelhede wat verwerk word. Die aanbod van nuwe voorraad perske purée uit die Suidelike Halfrond lande blyk minder as verwag te wees. Suid-Afrika verwag 'n kleiner perske-oes, Chili ondervind droogte met kleiner oeste en Argentinië het 'n kleiner oes as gevolg van kleiner vrugte.

Intussen verskyn Russiese kopers weer bo die oppervlakte, alhoewel vaste verkope nog nie plaasvind nie. Die pryse vir perske purée het ook heelwat gestyg vanaf 'n jaar terug se baie lae pryse.

Chinese Peach Exports

During the 2010 marketing year China exported 2 260 million cases of canned peaches to the United States. The imports from China have tripled since 2006 and is dominating canned peach imports into the United States by 73%. Canned Peach during the last five months were 29% up.

- Peach Fuzz

Themes for success

A new Datamonitor report looks at why some new launches in the food and drinks industry have been a success and others not. Four of the major themes of the report are **Occasions** (for example, associate the brand with an occasion such as breakfast or post-workout), **Health** (ensure it taps health trends), **Pricing** (remain competitive but keep in mind the long term brand value) and **Positioning** (ensure it successfully chimes in with the targeted demographic).

- Foodnews

VALUE HAS A VALUE ONLY IF ITS VALUE IS VALUED
- Bryan Dyson